Die Pretoriase egpaar wat 'n suksesvolle hofaansoek gebring het om die wettige ouers van hul biologiese kind te wees wat deur 'n surrogaatswangerskap in die lewe gebring gaan word.
Foto: CORNÉL VAN HEERDEN

Surrogaatouers is nié wettige ouers van kind, beslis hooggeregshof

Antoinette Pienaar

'n Egpaar wat 'n surrogaatma wil gebruik om hul biologiese kind te dra, sal outomaties die wettige ouers van die baba wees en hoef nie die kind aan te neem nie.

Dié onlangse deurbraak-beslissing in die hooggeregshof in Pretoria gaan die proses heelwat minder stresvol maak vir desperate kinderlose egpare wat só met gesinne wil begin.

Die egpaar, twee professionele mense van Pretoria, het gister aan *Beeld* gesê hulle het die aansoek gebring nog voordat die kind verwek is omdat hulle sterk voel oor die beginsel van die saak en nie omdat hulle die surrogaatma wantrou nie

Sy is 'n jare lange familievriendin wat aangebied het om hul biologiese kind te dra omdat dit weens mediese redes te gevaarlik vir die vrou (34) is om swanger te raak.

Sy gebruik bloedverdunnende medikasie wat abnormaliteite in 'n fetus kan veroorsaak. As sy die medikasie staak om swanger te raak kan sy lewensgevaarlike komplikasies, soos 'n longembolisme, ontwikkel.

"Ons was by twee spesialiste en het besluit om eerder surrogaatskap te oorweeg," het sy vertel.

Hulle was gereed om maande lank na 'n geskikte kandidaat te soek.

Surrogaat-agentskappe verkies dat surrogaatma's gesonde kinders van hul eie het, liggaamlik en emosioneel gesond is en in stabiele verhoudings is.

"Toe skakel 'n 40-jarige familievriendin en sê sy sal dit met liefde doen."

Volgens die man (39) is die vriendin so 'n geskikte kandidaat vir surrogaatskap dat hy en sy vrou besef het so 'n kans sal nie gou weer kom nie.

Die egpaar het kontak gemaak met me. Adèle van der Walt, 'n Pretoriase prokureur en kenner op die gebied van regsmediese kwessies.

"Ons het geweet die wet het gestipuleer dat die vrou wat die lewe aan 'n kind skenk die wettige ouer is, maar ons het dit bevraagteken.

"As dit ons (biologiese) kind is, hoekom moet ons hom dan aanneem?" het die ma gesê.

Volgens Van der Walt kan so 'n aannemingsproses weke tot jare duur, veral wanneer die biologiese ouers in die buiteland woon.

Regter Pierre Rabie het die ooreenkoms tussen die egpaar en die surrogaatouers in sy bevel bekragtig.

Hy het die surrogaatouers se reg op ouerskap beëindig en gesê die biologiese ouers is die wettige ouers sodra die kind gebore word. Dit skakel die aannemingsproses uit.

Die uitspraak beskerm ook die surrogaatma. Dit het al gebeur dat 'n surrogaatma swanger word, die biologiese ouers mekaar verlaat en dan nie meer die kind wil hê nie.

Die egpaar wil binne die volgende weke met behandeling begin om 'n kind te kry.

■ aapienaar@beeld.com